# DIE GESKIEDENIS VAN KRUGERSDORP 1887-1900

deur

MICHIEL ANDRIES SCHUTTE

voorgelê ter vervulling van 'n gedeelte van die vereistes vir die graad

MAGISTER IN DIE LETTERE EN WYSBEGEERTE

in die

FAKULTEIT LETTERE EN WYSGEBEERTE

aan die

POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT VIR CHRISTELIKE HOËR ONDERWYS

Oktober 1976

# VOORWOORD

Oor die geskiedenis van die Witwatersrandse goudvelde as sulks, en oor die ontstaansgeskiedenis van Johannesburg is baie gepubliseer. Aan die ander kant is daar weinig beskikbaar oor die geskiedenis van die ander dorpe op die Witwatersrand wat in dieselfde tyd as Johannesburg ontstaan het en deur die mynwese tot volwaardige dorpe ontwikkel het.

Die bestudering van die geskiedenis van Krugersdorp van 1887-1900 het die geleentheid gebied om die ontstaan en ontwikkeling van die dorp gedurende die Republikeinse tyd te skets en terselfdertyd aan te toon hoedat Krugersdorp wel deeglik beïnvloed was deur die ontwikkeling en politieke spanninge van die Witwatersrandse goudvelde. Dit spreek dus vanself dat in die bestudering van die onderwerp sake aangeraak moes word wat uiteraard bekend is, want in baie opsigte was die geskiedenis van Krugersdorp onlosmaaklik verbonde aan die stormagtige beginjare van die Witwatersrandse goudvelde.

Hiermee wens ek ook my innige dank te betuig aan my studieleier, prof. G.N. van den Bergh vir sy kritiese en deeglike hulp asook die aanmoediging wat ek van hom ontvang het. Baie dankie aan mnr. S.J. Kleynhans vir die taalkundige versorging en aan mev. E. Luther vir die tikwerk.

M.A. SCHUTTE.
13 Oktober 1976
Krugersdorp.

# INLEIDING

Die studie-onderwerp het, wat indringing en beskikbaarheid van literatuur betref, baie probleme opgelewer. Die sekondêre bronnemateriaal was uiters ontoereikend en dit was moeilik om 'n geheelbeeld te kon vorm van sake soos die gemeenskapslewe, die bevolkingsamestelling, die fisiese ontwikkeling en die kultuurlewe. Die probleem is verder bemoeilik deurdat die stukke van die gesondheidskomitee wat seker die meeste inligting oor die ontstaan en ontwikkeling van die dorp vervat het, verlore geraak het. Ongeordende dokumente in die argiefgroepe, Krugersdorp, het die navorsingstaak verder bemoeilik sodat hierdie geskiedenis van Krugersdorp nie aanspraak op volledigheid kan maak nie.

Om enigsins aan die onderwerp reg te laat geskied, kon daar nie net op die dorp gekonsentreer word nie; maar moes die onderwerp ook benader word vanuit die invloed wat sekere gebeurtenisse aan die Witwatersrand op die dorp gehad het. Daar moes gevolglik aandag aan sake gegee word soos die ontwikkeling van die goudvelde, die Jameson-inval, die uitlandervraagstuk en die gespanne verhoudinge tussen Brittanje en die Z.A.R. aan die vooraand van die Anglo-Boereoorlog.

As gevolg van gebrekkige navorsingsresultate is hoofsaaklik van 'n tematiese indeling van die onderwerp gebruik gemaak en is dit aangepak langs die weg van 'n uitbeelding van die ontstaansgeskiedenis, die dorpsgroei, kultuur en sport en is daar met die einde van die Republikeinse bewind afgesluit.

# INHOUDSOPGAWE

## HOOFSTUK I


| | | |
|---|---|---|
| 1. | Die ontstaan en distriksontwikkeling van Krugersdorp | p. 1 - 31 |
| 1.1 | Voorgeskiedenis | |
| 1.1.1 | Vroeë bewoning | 1 |
| 1.1.2 | Die Eerste Vryheidsoorlog: Klipstapeling op Paardekraal | 2 |
| 1.1.3 | Feesvieringe op Paardekraal | 5 |
| 1.2 | Die ontdekking van goud, die delwers en mynbedrywighede | |
| 1.2.1 | Ontdekking van goud aan die Wesrand | 6 |
| 1.2.2 | Proklamering van openbare delwerye op die Witwatersrand | 10 |
| 1.2.3 | Proklamering van Paardekraal (Krugersdorp) as delwery | 11 |
| 1.2.4 | Ontstaan van die Krugersdorpse delwerye | 12 |
| 1.2.5 | Mynwese | 13 |
| 1.3 | Die ontstaan en algemene ontwikkeling van Krugersdorp | |
| 1.3.1 | Stigting van Krugersdorp | 16 |
| 1.3.2 | Opmeting van standplase | 18 |
| 1.3.3 | Veiling van die eerste standplase en vestiging van die dorp | 20 |
| 1.3.4 | Latere veiling van standplase | 21 |
| 1.4 | Distriksontwikkeling | |
| 1.4.1 | Vertoë tot distriksverklaring | 24 |
| 1.4.2 | Verdere aankoop van grond op Paardekraal | 26 |
| 1.4.3 | Aanleg van 'n setelplaas vir die distrik en die distriksverklaring | 27 |
| 1.4.4 | Begrensing van die distrik en die skeiding van die goudvelde van die distrik | 29 |
| 1.4.5 | Wyksverdeling | 30 |
| 1.4.6 | Verkiesing van volksraadslede vir die distrik | 31 |


## HOOFSTUK 2


| | | |
|---|---|---|
| 2. | Algemene dorpsontwikkeling | p. 33 - 62 |
| 2.1 | Bestuursontwikkeling | |
| 2.1.1 | Gesondheidskomitee van Krugersdorp | 33 |
| 2.1.2 | Die Gesondheidskomitee vir die delwerye | 37 |
| 2.2 | Dorpsgroei | |
| 2.2.1 | Geneeskundige diens | 38 |
| 2.2.2 | Bevolkinsgroei | 43 |
| 2.2.3 | Strate | 45 |
| 2.2.4 | Watervoorsiening | 47 |
| 2.2.5 | Regeringsgeboue | 50 |
| 2.2.6 | Staatsinkomste en uitgawes | 54 |
| 2.2.7 | Kommunikasie | |

| | | |
|---|---|---|
| 2.2.7.1 | Padverbindings | 56 |
| 2.2.7.2 | Spoorwegontwikkeling | 57 |
| 2.2.7.3 | Posvervoer en telegrafie | 60 |


HOOFSTUK 3


| | | |
|---|---|---|
| 3. | Sport en kulturele ontwikkeling | p. 63 - 83 |
| 3.1 | Sportbetrekkinge | 63 |
| 3.2 | Sportbedrywighede | |
| 3.2.1 | Skyfskiet | 65 |
| 3.2.2 | Perdewedrenne | 66 |
| 3.2.3 | Krieket | 67 |
| 3.2.4 | Fietsry en atletiek | 68 |
| 3.2.5 | Rugby | 70 |
| 3.2.6 | Polo en tennis | 71 |
| 3.3 | Verenigingslewe | 73 |
| 3.4 | Kunslewe | 78 |
| 3.5 | Sosiaal en algemeen | 80 |


HOOFSTUK 4


| | | |
|---|---|---|
| 4. | Krugersdorp en die Tweede Vryheidsoorlog | p. 84 - |
| 4.1 | Handhawing van wet en orde | 84 |
| 4.2 | Krugersdorp en die Jameson-inval | 89 |
| 4.3 | Die naderende stryd | 92 |
| 4.4 | Hoop op vrede | 94 |
| 4.5 | Voorbereidings vir oorlog | 98 |
| 4.6 | Mobilisasie | 106 |
| 4.7 | Toestande tydens die oorlog | 107 |
| 4.8 | Inname van Krugersdorp | 115 |

Bibliografie p. i - vi